Stellenbosch UNIVERSITY IYUNIVESITHI UNIVERSITEIT

forward together
sonke siya phambili
saam vorentoe

# Departement Chemiese Ingenieurswese

## Ontwikkel die beste chemiese ingenieurs sedert 1969

**Chemiese ingenieurs ontwerp, bedryf en optimaliseer prosesse om op groot skaal waardevolle produkte uit grondstowwe te lewer.** Belangrike prosesse sluit in dienslewering, soos die voorsiening van drinkbare water, afvalbestuur en volhoubare ingenieurspraktyke, asook die bestuur van die omgewing met behulp van groen ingenieursoplossings. Die chemiese ingenieur speel ŉ deurslaggewende rol in die samelewing en het die geleentheid om die omgewing en almal se lewens positief te beïnvloed.

## Waarom Chemiese Ingenieurswese studeer?

**ŉ Graad in chemiese ingenieurswese rus jou toe met ŉ diverse stel vaardighede, soos kritiese denke, probleemoplossing en die vermoë om kennis te integreer en toe te pas. Dit plaas jou in 'n uitstekende posisie om ŉ loopbaan in talle verskillende industrieë en sektore te volg.**

By die Universiteit Stellenbosch lei ons chemiese ingenieurs op en ontwikkel hulle tot gesogte graduandi in die industrie. Graduandi word toegerus om aktuele uitdagings in die bedryf aan te pak, asook toekomstige uitdagings in die groter samelewing. As ŉ chemiese ingenieur speel jy ŉ deurslaggewende rol in die ontwikkeling en implementering van innoverende prosesse en oplossings vir volhoubare ontwikkeling.

**Ons vierjaar- professionele graad, BIng (Chemiese Ingenieurswese), word deur die Ingenieursweseraad van Suid-Afrika (ECSA) geakkrediteer. Dit word ook internasionaal erken deur die Washington-ooreenkoms, wat jou in staat stel om vir werksgeleenthede in die buiteland aansoek te doen.**

## Wat is die toelatingsvereistes vir BIng (Chemiese Ingenieurswese)?

Aansoekers moet aan **al** die onderstaande vereistes voldoen wanneer hulle met hulle **finale graad 11-punte** om voorlopige toelating aansoek doen. Daarna moet aansoekers se finale graad 12-punte weer aan al die minimum vereistes voldoen om finaal toegelaat te word.

- **Keuringstelling* ≥ 640 (voorlopig)**
- **Algemene gemiddelde ≥ 75% (LO uitgesluit)**
- **Wiskunde ≥ 75%**
- **Natuurwetenskap ≥ 65%**

*Keuringstelling = Wiskunde + Natuurwetenskap + 6 x Gemiddelde (LO uitgesluit)

## Waar werk chemiese ingenieurs?

**ŉ Graad in chemiese ingenieurswese aan die US berei jou voor vir indiensneming in verskeie ingenieurswese- en nie-ingenieurswese-verwante sektore en industrieë.**

Waterverwerking & -tegnologie
Datawetenskap & Masjienleer
Groen- & Hernubare energie
Afvalverwerking & Besoedeling
Petrochemikalieë & Afskeidings
Chemikalieë & Fyn chemikalieë
Voedsel & Drank
Sagtewareontwikkeling
Entstofontwikkeling
Biomediese Wetenskap
Farmaseutiese middels
Skoonheidsmiddels
Omgewingsake
Navorsing & Ontwerp
Bestuurskonsultasie
Sake, Finansies & Bankwese
Biotegnologie
Vervaardiging
Kunsmis
Plofstowwe
Mynbou & Minerale
Sement & Glas
Papier & Pulp

MEER INFO

OP ONS WEBWERF

Kontak ons

Ons wil jou graag ontmoet!